Cambridge Assessment International Education

# Cambridge International A Level

**AFRIKAANS** **9679/04**

Paper 4 Texts **October/November 2021**

**2 hours 30 minutes**

*6017357200*

You must answer on the enclosed answer booklet.

You will need: Answer booklet (enclosed)

**Invigilators must refer to the Additional Materials List for instructions on the use of set texts in the examination.**

**INSTRUCTIONS**

- Answer **three** questions in total in **Afrikaans**, each on a different text:
  - Answer **at least one question** from Section 1.
  - Answer **at least one question** from Section 2.
  - Answer **one other question** from **either** Section 1 **or** Section 2.
- Follow the instructions on the front cover of the answer booklet. If you need additional answer paper, ask the invigilator for a continuation booklet.
- Dictionaries are **not** allowed.

**INFORMATION**

- The total mark for this paper is 75.
- Each question is worth 25 marks.

**INSTRUKSIES**

- Beantwoord altesaam **drie** vrae in **Afrikaans**. Beantwoord elke vraag oor ’n verskillende teks:
  - Beantwoord **ten minste een vraag** uit Afdeling 1.
  - Beantwoord **ten minste een vraag** uit Afdeling 2.
  - Beantwoord **nog een vraag** uit **óf** Afdeling 1 **óf** Afdeling 2.
- Volg die instruksies op die voorblad van die antwoordboek. Die instruksies word ook hieronder in **Afrikaans** gegee. As jy nog papier vir jou antwoorde nodig het, vra die toesighouer vir nog ’n antwoordboek.
- Woordeboeke word **nie** toegelaat **nie**.

**INLIGTING**

- Die totale punt vir hierdie vraestel is 75.
- Elke vraag tel 25 punte.

This document has **8** pages. Any blank pages are indicated.

DC (CJ) 208497/2
© UCLES 2021



https://xtremepape.rs/

**INSTRUKSIES VIR DIE ANTWOORDBOEK**

Gebruik ’n swart of donkerblou pen. Jy mag ’n HB-potlood vir enige diagramme of grafieke gebruik.


Skryf jou naam, sentrumnommer en kandidaatnommer in die blokkies boaan die bladsy. Skryf duidelik en in hoofletters.

**Moenie** ’n uitwisbare pen of vloeibare uitwisser gebruik **nie**.

**Moenie** op enige strepieskodes skryf **nie**.

Skryf jou antwoorde in hierdie antwoordboek. Skryf aan albei kante van elke blad. Laat twee reëls oop tussen jou antwoorde vir elke vraag.

Skryf die nommer van die vraag wat jy beantwoord in die eerste kantlyn.




Skryf die nommer van die onderafdeling in die tweede kantlyn as die vraag wat jy beantwoord uit onderafdelings bestaan, byvoorbeeld 1(a).

Doen al jou rofwerk in pen in hierdie antwoordboek. Trek ’n streep deur enigiets wat jy **nie** wil hê die eksaminator moet nasien nie sonder om jou werk onleesbaar te maak.

**Moenie** enige bladsye uit hierdie antwoordboek skeur nie.

Jy moet al jou werk inlewer. As jy enige ander antwoordboeke gebruik het, moet jy dit binne-in hierdie een sit.



https://xtremepape.rs/

Beantwoord **drie** vrae, elkeen oor 'n ander teks. Kies een vraag uit Afdeling 1, een uit Afdeling 2 en een ander vraag.

## Afdeling 1

**1** ***Mahala*, Chris Barnard**

Kies vraag **(a)** of vraag **(b)** en gebruik **500–600** woorde vir jou antwoord.

**ÓF:**

**(a)** Lees die uittreksel en beantwoord die vrae wat daarop volg.

Hy het selde in haar kamer gekom; net snags as sy onrustig word.

Die muskietnet was half oop en hy het dit opgelig en op die rand van die bed gaan sit, na haar gekyk. Sy het op haar rug gelê en dit was asof sy weer insluimer, maar haar mond was effens oop en haar vingers het om die katelstyl geklou.

Daar was net 'n laken oor haar onderlyf en die knope van haar nagrok was oop; hy kon haar een bors sien en die donker vlek van die tepel. Sy het die styl gelos en half orent gebeur, toe teruggesak en op haar sy gedraai, haarself opgekrul, kreunend, en weer begin mompel.

"Jy moet slaap, An," het hy gesê.

Deur die oop venster kon hy die kind oor die agterwerf sien aankom. Die maan moes iewers deur die wolke gebreek het, want die werf was ligter as voorheen. Die kind het tot voor die venster gekom en sy gesig teen die gaas gedruk, sy hande bak langs sy slape.

"Hou my vas," het sy geprewel en Delport het geweet sy praat nie met hom nie.

"An," het hy gesê, "jy moet slaap."

Sy het haar bene reguit geskop en weer gegil, haar hande oorkruis in haar oksels asof sy haarself omhels. Hy het haar skouer geskud en met haar gepraat, saggies, en gevoel hoe sy geleidelik ontspan.

"Moenie weggaan nie," het sy gesê, dié keer duidelik hoorbaar.

"Ek sal nie," het hy gesê, al was die woorde nie vir haar bedoel nie. Hy wou maar iets sê om haar te laat bedaar.

En sy het gesug en gesê, "Hy het vergeet ek bestaan," en geslaap.

(bl. 39–40)

**(i)** Hoekom het Anna snags "onrustig" geword?

**(ii)** Wie is "die kind"?

**(iii)** Ontleed die verhouding tussen Delport en Anna.

**ÓF:**

**(b)** Mahala beteken: gratis, niks of tevergeefs. Dink jy *Mahala* is 'n goeie titel vir die roman in die lig hiervan?

© UCLES 2021

https://xtremepape.rs/

**2** ***Die verdwyning van Mina Afrika*, Zuretha Roos**

Kies vraag **(a)** of vraag **(b)** en gebruik **500–600** woorde vir jou antwoord.

**ÓF:**

**(a)** Lees die uittreksel en beantwoord die vrae wat daarop volg.

Sy sit later op haar bed in haar nagklere en sy huil, maar sy weet nie waaroor nie. Oor niks; oor alles.

Sy huil oor die baba met haar mond en kuiltjies; oor die aand van die rooi maan toe sy en Boeta by die wilgers langs die sementdam gepraat het en sy so vrolik en vol planne en onskuldig was. Sy huil oor Dylan Apollis, wat nooit ʼn kans in die lewe gehad het nie. Sy verlang na motjie Sêra. En sy verlang so na Deon dat dit ʼn dowwe pyn in haar bors veroorsaak. Sy het nooit geweet liefde kan mens fisiek seermaak nie …

Die uil, haar naggeselskap, kom sit vroeg op die dak en roep. Sy hoop hy het êrens ʼn nes in ʼn hol boomstam, en donsige baba-uiltjies, en dat hy genoeg rotte en muise by die store vang om almal se magies te vul. Sy moet vir haar ook ʼn kat kry, besluit sy, soos Tietser s'n, wat snags op haar voetenent kan lê en spin. Ja, net môre gaan sy by die volkshuisies om, om te soek na ʼn oulike klein katjie …

Gedurende die volgende twee weke sien sy Deon slegs twee keer vlugtig. In die lang skemeraande, as hy nie aan diens is nie, gaan hy draf, en hy vra self Erik se verlof om met sy wingerdpaaie langs te draf en sodoende vinnige en kamma onbeplande draaie op Mina se werf te gooi. Maar omstandighede word al gevaarliker.

(bl. 219)

**(i)** Waarom het Dylan Apollis "nooit ʼn kans in die lewe gehad … nie", volgens Mina?

**(ii)** Hoekom word "omstandighede al gevaarliker"?

**(iii)** Vergelyk Dylan en Deon se verhouding met Mina.

**ÓF:**

**(b)** "Ag, dankie, Here, dat U so goed is vir my kind! Seën tog vir nôi Sara en baas Erik …"
Dink jy Gert Afrika was reg om Mina vir die De Graaffs te gee om groot te maak? Staaf jou antwoord met verwysings na die roman.



https://xtremepape.rs/

**3** ***Sabbatsreis*, Annelie Botes**

Kies vraag **(a)** of vraag **(b)** en gebruik **500–600** woorde vir jou antwoord.

**ÓF:**

**(a)** Lees die uittreksel en beantwoord die vrae wat daarop volg.

… Luke kom drink sy oggendkoffie in die tuinhuis en vra of ek kans sien om sy studeerkamer skoon te maak; hy wil vreemdes uithou.

Ja, Hartlam, as jy vanaand vir my ’n waterglas Hakiesdraad bring. Dis vandag my forty days. Ek wil hoogdronk gaan slaap.

“Consider it a deal. I’ll buy pizza for tonight, don’t bother to cook.”

Ek meng vier hooikoorspille by Granny se oats. Vandag wil ek losloop voor Clare alles ontwrig. In die studeerkamer kry ek twee goed wat my ruk. Luke se skeikontrak wat oop lê by sy rekenaar, op die plek waar uitgestippel is hy moet maandeliks vyfduisend-vyfhonderd pond aan sy Amerikaanse eks betaal. Per máánd. Ter wille van ’n stormgety saam met Clare. Wóú hy hê ek moet sien? Reg langsaan ’n sjokoladeboks met ’n plakker op: *Meid*. Ek maak skoon en gaan sit met my present in my tuin. Toe ek die deksel oplig, is dit nie sjokolade nie. Dis die akker wat ek hom gegee het toe hy vir my hoesmedisyne gebring het. ’n Kleingevoude tienpondnoot wat hy by my gewen het met poker toe Clare in Shambala was. Kwartel se wensbeentjie, van die troudag. Samboksalf vir sy bles. Die program van die carols by candlelight-aand. Paar takkies suurlemoentiemie.

Nou wéét ek ek is nie sy suster nie.

Ek sit ’n heathertakkie in die boks, en ’n teekersie. Toe gaan sit ek die boks terug.

(bl. 278–279)

**(i)** Wat is die “forty days”?

**(ii)** Waarna verwys “’n stormgety saam met Clare”?

**(iii)** Bespreek Luke se rol in die roman.

**ÓF:**

**(b)** “Selfondersoek en selfaanvaarding is die sentrale tema van die boek.” Bespreek.



https://xtremepape.rs/

## Afdeling 2

**4** ***Ons wag op die kaptein*, Elsa Joubert**

Kies vraag **(a)** of vraag **(b)** en gebruik **500–600** woorde vir jou antwoord.

**ÓF:**

**(a)** "Carlos Figueira is 'n regverdige, gerespekteerde werkgewer, asook 'n goeie pa en eggenoot." Stem jy saam met die stelling? Staaf jou antwoord met verwysings na die roman.

**ÓF:**

**(b)** Bespreek die tema van ligaamlike en sielkundige gevangeskap in die roman.

**5** ***Die Ambassadeur*, André Brink**

Kies vraag **(a)** of vraag **(b)** en gebruik **500–600** woorde vir jou antwoord.

**ÓF:**

**(a)** "Dit was die eerste keer dat ek in my verhouding met hom die hef in die hande gehad het, en dit was byna 'n ervaring van bevryding."
Bespreek die tema van mag in die roman.

**ÓF:**

**(b)** Parys is bekend as die stad van lig en donker, romantiek en tragiek. Bespreek hierdie teenstellings met betrekking tot die roman.

**6** ***Kanna hy kô hystoe*, Adam Small**

Kies vraag **(a)** of vraag **(b)** en gebruik **500–600** woorde vir jou antwoord.

**ÓF:**

**(a)** "Kanna het sy mense verlaat, maar nooit vergeet nie." Stem jy saam met hierdie stelling? Staaf jou antwoord met verwysings na die toneelstuk.

**ÓF:**

**(b)** "Hierdie toneelstuk handel oor oorlewing." Bespreek.

© UCLES 2021

https://xtremepape.rs/

**BLANK PAGE**

© UCLES 2021


https://xtremepape.rs/

**BLANK PAGE**

Permission to reproduce items where third-party owned material protected by copyright is included has been sought and cleared where possible. Every reasonable effort has been made by the publisher (UCLES) to trace copyright holders, but if any items requiring clearance have unwittingly been included, the publisher will be pleased to make amends at the earliest possible opportunity.

To avoid the issue of disclosure of answer-related information to candidates, all copyright acknowledgements are reproduced online in the Cambridge Assessment International Education Copyright Acknowledgements Booklet. This is produced for each series of examinations and is freely available to download at www.cambridgeinternational.org after the live examination series.

Cambridge Assessment International Education is part of the Cambridge Assessment Group. Cambridge Assessment is the brand name of the University of Cambridge Local Examinations Syndicate (UCLES), which itself is a department of the University of Cambridge.



https://xtremepape.rs/